*Sondag* **7 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:1-4**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:1-4**

**Genade vir jou is so vas soos die natuurwette**

Het jy al ooit beleef dat swaartekrag ophou werk? Nee, dis ’n natuurwet wat vas en seker is. Net so is daar ’n ander reëlmatige wet wat vas is: die straf op oortreding van God se wet is die dood. Dis die vaste noodwendige gevolg. Maar, wat as daardie straf klaar gedra is?! Dan mag die gevolg – die oordeel en dood- mos nie meer daar wees nie! Dis óók vas soos ’n natuurwet!

Noudat Jesus Christus die straf gedra het, is daar eenvoudig geen meer veroordeling meer vir die wat in Christus is nie. Dit kan nie en mag nie. Volgens die ewige wette van regverdigheid en reg. Maar wat van sonde wat ek nog doen? God se wet op sy eie kan nie sonde uit ons lewens hou nie. Daardie “grensdraad” is te swak vir ons sterk en gebroke menslike natuur. Ons het die grensdraad heeltyd gebreek en die sonde ingenooi.

Maar na Jesus se werk voltooi is, is daar nou ’n ander wet, ’n ander reëling, wat ons rig. Die wet van die Gees. Hierdie “wet” sê dat ons nou onder sy leiding lewe en Hy ons leer om sy wil te wil doen. My sondige natuur het nie meer die houvas van ’n slawe-eienaar nie. En ek kan werklik uit my hart die goeie begin doen, wat God in elk geval in sy wet van my vra gevra het. Dit wat uit geloof, volgens sy wil en tot sy eer is, en nie op menslike idees of tradisies gegrond is nie (HK Sondag 33).

Sy genade vir jou is dus so vas soos die natuurwette! So min as wat jy bang is swaartekrag sal môre ophou werk, so min hoef jy bang te wees dat sy genade vir jou sal ophou. Dis vas.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*
*Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)*